**Handboekwerk:**

**Woensdag 29 April 2020**

**Basisvorme – Bladsy 58**

**6.** Kan jy sien van watter korter woorde vriendskap en beertjie gemaak is? Dit is: **vriend**skap → vriend; **beer**tjie → beer. Ons noem die "kort woord" 'n basisvorm of 'n stam. Dit is die kortste deel van 'n woord wat sin maak. Die ander gedeeltes is voorvoegsels en agtervoegsels, want dit word voor of agter aan die basis gevoeg. Jy gaan in Tema 7 meer van basisvorme, voorvoegsels en agtervoegsels leer.

Skryf die woorde neer en omkring die stam of basisvorm. Wenk: breek die woorde op in lettergrepe.

a) sambreeltjie
b) gereën
c) warmste
d) bewolk